

## SARS ONDERSKEP GELDEENHEID TER WAARDE VAN R13.7 MILJOEN

**Pretoria, 27 Februarie 2019** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se doeane-beamptes het 'n vermeende geldeenheid-smokkelaar onderskep wat in besit was van US\$ 997 750, gelykstaande aan R13 798 882, by die OR Tambo Internasionale Lughawe op Maandag, 25 Februarie.

Die manlike passasier het daartydens 'n rugsak in sy besit gehad. Beamptes het 'n fisiese inspeksie van die rugsak onderneem waartydens die passasier bevestig het dat hy ook 'n tas ingeboek het.

Die beamptes het daarna die tas uitgesoek en die passasier na die doeane-ondersoekarea gestuur waar hy verder ondervra is.

Gedurende die onderhoud, het hy erken dat hy in die besit van buitelandse geldeenheid is, maar het gepoog om die bedrag te onderspeel. Dit was egter ontdek dat meeste van die buitelandse geldeenheid in die bodem van twee tasse versteek was.

Die verdagte is aan die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) oorhandig nadat hy nie 'n geldige verduideliking vir die geldeenheid kon bied nie.